durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

25 Augustus 2019

**25 Augustus 2019 Bybelsondag**
**Preekreeks: Triniteit - GEES**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Schalk van Wyk*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Ds. Schalk van Wyk*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Arno Mattheus* |

**Deuroffer: Bybelverspreiding**

Vir 199 jaar vertaal, produseer en versprei die Bybelgenootskap Bybels in verskeie tale en formate vir die mense in Suid-Afrika en selfs wyer. Vandag se deuroffer help hiermee.

**1 September 2019, DOOP**
**Preekreeks: Triniteit - GEES, BIDDAG DOWES**

| | |
|---|---|
| 08:15 | **Klassieke diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 10:00 | **Informele diens**<br>Ouditorium<br>*Dr. Kobus de Jager*<br>**Glow Kidz Diens (Saal)**<br>*Stephanie Steenkamp* |
| 18:00 | **@6 Diens**<br>*Ds. Johan Els* |

**Deuroffer: Bediening aan Dowes**

## NUUS:

25 Aug: Bybelsondag
Gawes v.d. Gees kursus
1 Sept: Doop
3 Sept: Doopkategese
7 Sept: Leiersberaad
8 Sept: Oupa– en Oumadag
Kuierkerk
10 Sept: Nuwe lidmate funksie
15 Sept: Matriekdiens
17 Sept: Damesaand
20 Sept: Skole sluit



Ons verwelkom vir Charmaine de Wet as nuwe fasiliteite beampte van Durbanville-Bergsig.

## Nuwe spore

Sy begin op 1 Sept werk by die kerk. Sy is 'n lidmaat by Bergsig en welbekend aan baie.

Die afgelope jaar het sy as vrywilliger by die Plaasfees by die Jaffel tafel gehelp.

Sy het in Walvisbaai matrikuleer en in Panorama by die Northlink College studeer. Charmaine hou van kampeer, lees, dekor, hokkie, handwerk soos mosaïek, verf en ou meubels weer mooi maak.

Sy is getroud met Jacques en hulle het twee dogters Izaan (19) en Jenna (17).

Ons wens Charmaine alles van die beste toe vir haar nuwe fase by Bergsig. Baie welkom!

## SAPD VROUE WORD BEDERF



Die Vlytige Vrydag Vroue (VVV) bederf die SAPD vrouens gedurende VROUEMAAND.

Dit vind jaarliks plaas. Dis prettig, dis plesierig. Een dag wanneer hul nie dink aan administrasie of misdaad nie. Dankie julle!!

**Foto onder: Voor:** Debbie Carstens, Estelle Brink, Anniel, de Lange, Marina Avenant, **Agter:** Carina Dudley, Jackie Thiart







# Vanuit die Uitreikkantoor ...

Skakel Annamaré by (021) 976 4106 uitbreiding 103, as jy betrokke wil raak by uitreikprojekte of e-pos na uitreike@bergsigdv.co.za

## Bergsigprojekte op ons voorstoep

FISANTEKRAAL
Centre for Development
Equipping people for a meaningful life

BEGIN KLEIN

*KAN U HELP?*

Vrywillige Fasiliteerders vir lewensvaardighede, klantediens, Engelse geletterdheid, loopbaanafrigting, oefen onderhoude en CV voorbereiding

Xhosa-sprekende beraders

Word 'n werkskaduwee, plasings- en / of gebedsvennoot

Word 'n maandelikse skenker van so min as R100 / pm

Sosiale media kenner (hulp en begeleiding met sosiale media platforms)

Besigheidsmentors (om kleinsake-eienaars te begelei)

Help met ons fondsinsamelingsprojekte

**Kontak Unita op 021 975 7764 of epos partners@fisantekraal.org.za vir meer informasie**






Die Medihelp Tekkie Challenge, ten bate van Jan Kriel se kinders, vind Saterdag 7 September 2019 plaas.

Deelnemers kan inskryf vir 'n 5km of 10km of die nuwe 21km by www.racetraq.co.za.
Vir navrae: 021 903 0434 of events@jankriel.co.za

## Bergsig-Uitreikhulp

### Breiversoek aan gemeentes!

Die bevordering van vroeëkindontwikkeling via gemeentes bly een van die sinode se fokusareas.

Van die noodsaaklike vaardighede wat 'n drie- tot vierjarige kind moet bemeester, sluit in fynspierkoördinasie, oog-handkoördinasie, sowel as tekstuur, kleur- en vormherkenning.

Balspel help in die ontwikkeling van al hierdie vaardighede en daar is 'n groot behoefte aan hierdie gebreide balle (en aan breiers self).

Dit kos min (afvalstukkies wol word gebruik) en is maklik om te doen - die patroon is op die webblad of by kerkkantoor beskikbaar.

Enigiemand wat belangstel om te help deur te brei óf net wol of ou koerante en gebruikte lemoen- en broodsakkies te skenk, waarmee die bal opgestop word, kan Nicola Vermeulen kontak by 071 383 7937.

## Durbanville/Bergsig Seniors

**ONS HOU BASAAR**

Donderdag: 29 Augustus 2019

Tyd: 9:00

Plek: Bergsig-Gemeente

Kom ondersteun en kuier met ons Seniors.

**Gebak**
**Pannekoek**
**Poeding**
**Kerrie en Rys**
**Jaffels**
**Allerlei**
**Koffie en tee**

Lede wat die uitstappie op Donderdag 26 Sept. na TOEKA - Agter Paarl - wil meemaak moet op 29 Aug hul R100 per lid betaal.

## Versorging

Die maatskaplike ondersteunings fonds waarmee Bergsig hulpbehoewende lidmate en soms nie-lidmate help, is uitgeput. Ons vra hulp en donasies sodat ons fondse het om mense te kan help met huishuur, spesiale skoolgelde, dokter en sielkundige besoeke, assesering van kinders en ander nood.

Baie dankie vir die die hulp en betrokkenheid wat ons klaar ontvang.

Vir meer inligting kontak vir Liezl by geestelikeversorging@bergsigdv.co.za

# Voorbidding

Bel Ds. Mizelle by 083 394 1101 om deel van die gebedsketting te word of e-pos na: ds.mizelle@bergsigdv.co.za

## KNIELTYD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Luan Gous | 2 Wild Olive Cres. 072 529 0207 | Dat dokters Luan se siekte sal kan diagnoseer | Herstel en bemoediging |
| Hannatjie Lammers | Akasialaan 10, 021 976 7955 | Suster oorlede | Troos en bemoediging |
| Hanli Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Operasie | Herstel en bemoediging |
| Familie van Magriet Roeland | Fairtrees 12, | Magriet oorlede | Troos en bemoediging |
| Familie van Johann du Toit | | Johann oorlede | Troos en bemoediging |
| Antoinette Heyns en kinders | Cadizstraat 22, 082 822 0142 | Man en pappa oorlede | Troos en bemoediging |
| Charlotte Lingenfelder | Constantiastr. 18, 021 976 8434 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Richard Myburgh | Chantilly 24, 021 975 8247 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Hanno Fourie | Joostenbergweg 1, 082 822 1531 | Daar is kuur vir sy siekte in Amerika. | Bid vir fondse en toeganklikheid tot kuur verkry word. |
| Maans Goussard | Villa Cortona 40, 083 546 0810 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Wouter Grové (14 jaar oud) | Lesliesingel 71, 021 982 7322 | Op waglys vir hartoorplanting | Herstel en bemoediging |
| Lettie Roode | Waterbokstr. 26, 021 976 1794 | Kankerdiagnose | Herstel en bemoediging |
| JC Smith | Richterstraat 8, 082 563 0408 | Mediese behandeling | Herstel en bemoediging |
| Dirk Carstens | Pelicanstraat 15, 021 976 6444 | Kanker | Herstel en bemoediging |
| Hercules Stander | Blanc de Noirstr. 26, 021 975 4193 | Beenmurgkanker | Herstel en bemoediging |
| Danie en Alida Muller | Zandkloofweg 10, 076 177 7626 | Kanker | Herstel en bemoediging |

***Vir bydraes of versoeke, skakel Elize 021 976 4106***

**BAIE WELKOM IN DIE GEMEENTE met bewys van lidmaatskap:**

Rhynard Francois Prins vanaf Wellington-Oos en Cara van Wyk (nou Prins) vanaf Humansdorp-Oos
Susan Groenewalt (nou Pieterse) vanaf Stellenberg
Yolandie Burger (nou Pretorius) vanaf Meyertonpark
Denzil David Minnaar vanaf VGK Durbanville
Francois Nicolaas Kasselman vanaf Leeu-Gamka




## Kraaifontein-Noord hou Basaar

**Saterdag**
**7 September 2019.**
Plek: Fanie Theron Laerskool in Bosmanstraat Kraaifontein.

Basaar open 09:00.
**ALLES** wat u by 'n Basaar soek sal daar wees!

Kom kuier en geniet die dag saam met ons!!




Glowkidz is op soek na mense wat gedurende die week 'n uur of twee het om te help met administrasie. Die kinders kry elke Sondag naamkaartjies wat elke week alfabeties teruggeplaas moet word in die uitstal sakkies. Indien jy beskikbaar is en bereid is om te help, kontak vir Stephanie by die kerkkantoor of 083278711 of juniorjeug@bergsigdv.co.za.

**MANS TGIF** 05:45 Vrydagoggende
Luister ook na getuienisse by www.tgifcape.co.za



BRING leë glasbottels groot en klein vir inmaak van konfyt ens. vir die Plaasfees?

**EREDIENSTYE IN BERGSIG:**

8:15-9:15 Klassieke Diens 1 uur lank
10:00 - 11:15 Informele Diens 1 uur en 15 minute
18:00—19:00 @6 Aanddiens 1 uur

## KERKRAAD

Die volgende kerkraadslede is nuut verkies by die 19 Aug. 2019 vergadering.

Ons vra jul voorbidding in die besluitneming hieroor.

| | |
|---|---|
| Juan | Benson |
| Almo | Bouwer |
| Jan | Coetzee |
| Rene | Herbst |
| Laura | Klopper |
| Herman | Lammers |
| Dirk | Roux |
| André | Van Wyngaardt |
| Pieter | Zandberg |



Beste Bergsig Gemeente,

Ek kan nie glo dit is al bietjie meer as drie maande wat ek op kraamverlof is nie. Ek is September weer terug.

Ek het die tyd met my gesin onbeskryflik baie geniet en ek het weer so baie geleer en ervaar. Wees verseker ek het ook baie na my Bergsigfamilie verlang.

Ek wil graag die geleentheid gebruik om julle elkeen te bedank. Dankie dat julle my bygestaan het gedurende my swangerskap. Dankie vir elke gebed en elke mooi storie wat julle oor swangerskap en kinders met my gedeel het. Dit het my nog meer laat uitsien na die koms van ons seun. Dankie dat julle my ondersteun het in my werk, daar waar ek dalk meer hulp as normaal nodig gehad het, omdat ek swaarder as normaal gedra het. Spesiale dank aan al van my kollegas by Bergsig vir julle liefde en ondersteuning.

Dankie dat ek sorgvry op kraamverlof kon gaan om my nuweling te versorg met die gemoedsrus dat die bedieningspunte waarby ek by betrokke is voortgaan en uitstekend bestuur gaan word. Dankie aan Marelize Krige en al die vroue van die vrouebediening en Stephanie Steenkamp vir uitstekende werk.

Nou wil ek vier jaar terug gaan. Vier jaar gelede het ek as nuwe dominee en nuwe mamma by Bergsig aangekom. Dankie vir elkeen wat my, Carlo en Milla met liefde en genade hanteer het terwyl ons, ons voete gevind het. Die afgelope 4 jaar was vir my en my gesin 'n wonderlike avontuur.

Nou is ons weer so op die vooraand om terug te keer na Bergsig en die bediening en dit voel amper soos vier jaar gelede. Die verskil is, ek is dié keer baie meer opgewonde en baie minder gespanne, want Bergsig is ons huis en julle ons familie. En ons sien uit om soos met Milla, vir Zander in Bergsig te sien grootword, want watter beter plek om ons kinders te sien groot word as in die kerk. Wat die bediening betref voel ek so bevoorreg dat ek my passie en liefde vir die Here mag uitleef en is gereed om weer julle hande te kom vat en voort te gaan!

Ek is vol vreugde, opwinding en nuwe energie en die Here diep dankbaar vir my gesin en Bergsig familie. Ek sien uit om julle weer te sien en saam aan die Koninkryk te bou!

Liefde en groete,
Mizelle



**Foto:**
Carlo, Milla, Mizelle, Zander

**Bergsig se wens:**

Mag julle geseënd wees as Gesin.

# ONS DAAGLIKSE BROOD

## Inkomste groei - ja dit is moontlik

**Teks:** HEBREËRS 13:16

"Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is"

**Gebed:** Onse Vader, weerhou ons daarvan om minder as ons vermoë vir U te gee. U het tog alles aan ons toevertrou.

Ons gesels al sewe weke met jou as Bergsiglidmaat oor ons finansies. Almal is bewus van ons stram finansiële posisie waar ons met 'n negatiewe begroting werk, asook dat ons inkomste oor die afgelope 4/5 jaar stagneer. Ons moet nuut dink, vir nuwe tye ...

Om inkomste te laat groei kan die volgende gedoen word:

***Van Buite (Publiek):***

- Ons lokale word gereeld verhuur en bied ongeveer R52,000 per jaar. Dit, tesame met die twee selfoontorings, die Vumatel Hub en die Plaasfees wins, bied 13% van ons totale inkomste.
  Ons gaan in die maande wat voorlê meer aandag skenk aan lokaalverhuring
- Verder is daar tussen-in fondsinsamelingsprojekte wat genoem word en in planne omskep moet word.
  Hiervoor het ons **lidmate se betrokkenheid** en splinternuwe, kreatiewe idees nodig.
  Hier is moontlike projekte wat al genoem is vir oorweging:
  ***Kinderpartytjies**
  ***Wegneemetes**
  ***Gholfdag**
  ***Fietsry / Pretloop geleentheid**
  ***Wit olifantverkoping**


Potensiaal wat ontgin kan word

2. ***Van Binne (Lidmate):***

Indien elke huishouding wat tans bydra (441), sy maandelikse dankoffer met R85 verhoog, en 50 gesinne wat nog nie bydra nie ook elk R85 gee, klop die begroting.

**Bergsig is opgewonde dat ons kreatief oplossings kan vind!**






*Augustinus het gesê:*

**Ontvang** wat God jou gee met vreugde.
**Gebruik** daarvan wat jy nodig het.
**Die res** het jou naaste nodig.

**Kontak Pieter Henning vir meer inligting bestuurder@bergsigdv.co.za**

### NUUT HIER?

Onseker hoe om in te skakel? Vul 'n kaartjie in by die Nuwe Lidmaat toonbank of gebruik die skakel: **http://bit.ly/nuwelidmate** of skandeer die QR kode of

Tik dit in die "search bar" van enige "search engine" soos bv. Google. Dit sal jou na 'n vorm neem waar jou besonderhede ingevoeg kan word.
Die kerk sal jou spoedig kontak om beter te leer ken.

**Die familieaand was sóóó prettig dat hul vergeet het om fotos te neem! 10 Families het saam gekuier.**





# kuierkerk@bergsig

**Kom kuier saam by die kerk op Sondag 8 September 2019 om 11:30.**

**Bring eie braaivleis, drinkgoed en eetgerei of jou gunsteling wegneemete. Vure word voorsien.**

**Almal welkom: kleingroepe, individue, oud en jonk, persone wat wil deel word van 'n kleingroep en selfs jou skoonma …**

**Vir meer inligting kontak Murray by bergsig.kleingroepe@gmail.com**







Damesaand laaste 30 kaartjies beskikbaar by Ilse Fritz ֍ Vrouekamp kaartjies nou beskikbaar by Karin Bosman
Maak gou om teleurstelling te voorkom.

scan to donate now
zapper
donate with
VISA
and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan
Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527